Ontmoeting 14

Petrus en Kornelius

God het almal ewe lief.

Teks: Handelinge 10

Hulpmiddels:

- ‘n Kopie van die ballonspeletjie
- Skryfbehoeftes
- Spaghetti
- Voedselkleusel
- Rooi jellie, melk, gelatien, strooitjies, rekkie en ‘n glas
- Weense worsies, tamatiesous, ui
- Sago
- Afvalmateriaal bv. toiletrolle, proppies, pypskoonmakers, enige grootte leë houertjies en boksies
- Blare, bas, klippies, sade
- Ogie
- Gom
- Plakkers met die bewoording “God het almal ewe lief”

WELKOM

Vreemde konkoksies:

Kook spaghetti en gooi enige voedselkleursel daarby.

Kyk na die prentjie van ons jelliewurms: Sit ‘n hele paar strooitjies regop in ‘n glas en bind hulle met ‘n rekkie aanmekaar vas. Maak rooi jellie aan en gooi bietjie melk in die plek van die water dat dit ‘n rooibruin kleur word. Gooi nou ekstra gelatien by en laat dit afkoel. Gooi nou die afgekoelde jellie in die strooitjies en laat staan. Wanneer dit goed gestol het, druk jy dit baie vinnig in warm water en blaas jy dit versigtig uit in ‘n bak.

Sny Weense worsies in die middel deur, druk een kant in ‘n bietjie tamatiesous en “plak” dan ‘n stukkie ui as nael vas. Sny fyn gleufies as kneukellyne in die middel.

Kook sago tot deurskynend en gooi dan groen voedselkleursel by.

Gebruik een of meer van die bogenoemde resepte om jou vreemde konkoksie te maak. Vra ‘n kind of twee om dit te kom proe. Vra kinders of dit gesmaak het soos wat hulle gedink het. Vra ook vir kinders watter vreemde konkoksies hulle eet, byvoorbeeld “slap chips” met sjokolade sous.

In die Joodse geloof was sekere kosse verbode en gesien as onrein. Hulle mag glad nie hierdie kos geëet het nie. Dit was so erg, hulle

mag dit nie eens in hul huise aangehou het nie. Dit is ‘n baie belangrike deel van vandag se verhaal.
Ballonne-bars-speletjie: Deel die groep kinders in twee. Sonder dat kinders dit agterkom, moet jy in jou gedagtes een groep bevoordeel. Vertel vir die kinders dat hulle vandag moet raai wie die hoofkarakters van die verhaal gaan wees*. (Ons gaan ‘n ander vorm van “hangman” speel. Daar is ‘n patroon, maar teken gerus jou eie op ‘n groot sketsbord.)* Hulle gaan dit doen deur te raai watter letter gebruik word in die hoofkarakters se name. Vir elke letter wat nie gebruik word in die naam nie, bars ons een van hulle ballonne. (Speel regverdig met die span vir wie jy bevoordeel. Vir die ander span bars jy sommer onnodig nou en dan ‘n ballon.) Die antwoorde is Petrus en Kornelius.
Vra vir die kinders of hulle dink dat jy regverdig was? In vandag se ontmoeting gaan ons leer dat God glad nie witbroodjies het nie.



WYDING

Sing die **temalied** en doen die **stilword-ritueel.**

WOORD

Ons verhaal vandag begin in Handelinge 10. Om meer uit te vind oor een van ons hoofkarakters, lees ons Handelinge 10:1 en 2

“In Sesarea was daar ‘n man met die naam Kornelius, ‘n kaptein in die Italiaanse weermag. Hy was godsdienstig en godsvresend, hy en sy hele huisgesin. Hy het baie gedoen om die armes onder die Joodse volk te help en het gereeld tot God gebid.”

God het elke mens wat op hierdie aarde woon, gemaak. Hoewel Kornelius nie ‘n Jood was nie, het God steeds na sy gebede geluister. (Psalm 145:18). Kornelius het ook nie ‘n Bybel gehad soos wat ons dit vandag ken nie. Die Bybel vertel vir ons dat God met hom gepraat het deur ‘n engel na hom te stuur (Handelinge 10:3-7).

Ons moet onthou as ons deur die geskiedenis van die Bybel gaan, was daar alreeds van die vroeë tye mense wat gedink het hulle is beter as ander. Hulle het gedink daar is geen plek vir nie-Joodse mense in die Koninkryk van God nie.

God het ook met Petrus gepraat, maar op ‘n heel ander manier. Petrus was by ‘n vriend se huis en terwyl hy gebid het, het hy honger geword en ‘n visioen begin sien. Hy het eers gedink dit was omdat hy net honger was, maar dit het weer en weer gebeur. “Hy het skielik ‘n groot oop deur in die hemel gesien. Toe kom daar iets wat net soos ‘n laken lyk, by die deur uit. Die laken was oop en dit het gelyk asof iemand dit by elke hoek vashou. Die laken sak stadig tot op die grond voor hom. Op die laken was daar baie soorte voëls, asook groot en klein diere. Petrus hoor toe Iemand wat vir hom sê: ‘Kom Petrus, jy is mos honger. Slag hierdie diere en eet dit.’ Petrus antwoord: ‘Ek sal dit nooit doen nie, Here! Ons Jode mag mos nie sulke kos eet nie.’”

Vandag nog is God se instruksies soms moeilik om te verstaan. Dit wat ons tradisie ons leer en dit wat God se hart vir die wêreld is, is soms verskillende dinge.

Miskien vra Hy jou om juis Jesus se Goeie Nuus te deel met daardie kind wat nie baie bad nie, sleg ruik en gedurig ‘n loopneusie het. God kyk definitief verby die dinge waarvan ons hou en waarvan ons nie hou nie. Hy ken wel die mense om ons wat ons nodig het omdat hulle harte stukkend is.

Ons moet besef God was besig om in Kornelius se hart te werk. Terselfdertyd het Hy met Petrus gewerk omdat Kornelius ‘n nie-Jood was. Maar God praat met Petrus: “As God sê dat jy maar iets mag doen, hoef jy nie bang te wees nie. Jy kan dan weet dat jy dit maar mag doen.” God het dit drie maal vir hom gesê.

Terwyl Petrus nog sit en dink wat aan die gebeur is, het die mans wat Kornelius gestuur het, by die huis aangekom. Hy kon hulle nie hoor klop of praat nie. Die Heilige Gees het vir hom gesê om na onder te gaan en die deur oop te maak.

Petrus: “Aangename kennis. My naam is Petrus. Hoekom soek julle my?”

Hulle antwoord toe vir Petrus: “Kornelius is ons leier. ‘n Engel het vir Kornelius gesê dat hy u moet laat haal om met hom te gesels.” Petrus het hulle ingenooi omdat dit al laat was.

Die volgende dag het Petrus saam met die mans na Kornelius se huis gegaan. Daar was baie van Kornelius se vriende en familie teenwoordig. Petrus het toe met hulle gepraat en hulle vertel dat hy nou eers geleer het dat God geen witbroodjies het nie. God het almal baie lief. (Hand. 10:34)

Hy het die volle Goeie Nuus van Jesus met hulle gedeel. Terwyl Petrus nog so praat, het die Heilige Gees in almal wat geluister het, se lewens gekom.

Hierdie nie-Joodse mense het ook in tale begin praat. Hulle is gedoop en ook toegerus om self die Goeie Nuus te gaan versprei. Ons kan sê hulle was van die eerste sendelinge.

(Julle kan ook na die volgende video kyk:
http://kix.bybelmedia.org.za/god-se-groot-storie-met-die-mens-2017/
Laai die video by ontmoeting 13 af.)

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoe het jy voorheen na mense gekyk wat heeltemal anders as jy is.
2. Ek wonder wat jy nou gaan doen wanneer jy iemand raakloop wat anders as jy is.
3. Ek wonder of jy dink dis regverdig dat God almal ewe lief het.
4. Ek wonder aan wie jy die Goeie Nuus wil oordra.

WERSKAF

- Gebruik enige skoon afvalmateriaal en laat die kinders hulle eie kreatiewe karaktertjies maak. Plak ‘n plakker op wat sê: “God het almal ewe lief!”
- Gebruik dieselfde aktiwiteit in ‘n groter groep. Laat hulle saam een maak om sommer in die klas te sit. Plak ook hierop ‘n papier/plakker wat sê: “God het geen witbroodjies nie.”
- Gebruik spoelklippe/blare/sade/gedroogde blomme en laat die kinders dit gebruik om hulle eie oulike diertjies te maak.
- Die kinders kan ook uit macaroni en ander items ‘n prent van hulself op ‘n papier maak en bo-aan skryf: “God het my lief net soos ek is!”

Sluit af met die seënbede.